Uit die finansieskantoor

Rekeninge sal aan die einde van die maand aan leerders uitgedeel word. Neem kennis dat u alreeds die paaiement vir Januarie kan betaal, soos op die skoolbrief aangedui.

Aansoekvorms vir afskrywing soos per Art 39, is by Mev. M Smith beskikbaar vanaf Maandag 25 Jan en persoonlike afsprake **moet** gereël word.

Baie dankie aan ouers wat reeds die skoolgeld vir Januarie en 2010 ten volle betaal het.

Belê nou al in u kind se toekoms!!

(Soos gesien op SABC 3 : 3 talk met Noeleen)

Doel

Verkort studietyd; verbeter studievaardighede en punte; geniet studies.

Aandag word gegee aan o.a.:

Opsommings maak en korrekte studiemetodes; eksamenvoorbereiding en streshantering; tydsbenutting; lees-en luistervaardighede; selfbeeld en motivering

Voordele

Individuele aandag deur gegradueerde opvoedkundiges; klein groepe; 6 klasse van 2 ure elk - gratis opvolg na 3 maande; gratis ondersteuning tot ouderdom 21; opgestel en onderskryf deur Universiteit van Stellenbosch (Hoofkantoor); tak alreeds 5 jaar suksesvol in Kemptonpark; enigste studieprogram goedgekeur deur Onderwysdepartement..

Vir gratis evaluering by u huis, kontak Dr Gerrit Jooste 082-923-1135

S.A. Geheue instituut

Saamrygeleentheid benodig vir leerling smiddae vanaf skool tot in Birchleigh.

Kontak Karin Mostert 072 184 2261

1-tot-1 onderrig in die gemak van jou eie huis

Opgeleide, professionele dosente

Beskikbaar vir ENIGE vak, ALLE grade in Engels of Afrikaans

Ervaar die voordeel van individuele ekstra klasse

Ons dosente: huiswerk onder toesig, gapings word gevul, leerders word op datum gehou met klaswerk, voorbereiding vir toetse of eksamens, motiveer 'n positiewe houding.

Hire Education CC

www.hireeducation.co.za

08612 88867

08612 TUTOR

Hire Education

RUIM MEENTHUIS TE HUUR!

NABY AAN SKOLE EN WINKELS

ASTON MANOR

2 BED . BADKAMER(STORT & BAD)

OOPPLAN KOMBUIS (GRANIET) &

SITKAMER, TOESLUIT MOTORHUIS .

1STE VLOER . OKKUPASIE 1 AUG .

R 4000.00 P/M

SKAKEL JEANINE: 082632 7232

NASKOOLSORG VIR LEERLINGE

In Van Riebeeck weg.

Kontak Sandra by 011 975 8845 of 082 888 5444

KEMPIE KLETS

Uitgawe 1 21 Januarie 2010

Geagte Ouers

Welkom in 2010

Elke jaar het nuwe uitdagings en nuwe wense wat ons met mekaar deel. Graag wens ek u 'n gesonde, gelukkige en vredevolle 2010 toe. Mag die verrassings aangenaam wees en bekommernisse nul! Welkom aan die nuwe ouers wat die eerste keer deel van die Kempie familie word. Ek hoop u gaan sommer gou tuis voel en inskakel.

Oueraande

Ons het nou reeds die eerste paar oueraande gehad en graag bedank ek u vir die bywoning. Volgende week is die graad 11 en 12 ook nog op die lysie en ons vertrou om goeie ondersteuning te geniet. Neem asseblief die vrymoedigheid om my te kontak oor enige saak wat u nodig ag – hetsy dit op die oueraand bespreek is of nie. Moet nie broei op 'n probleem nie – laat ons toe om dit gouer te hanteer.

Matrieks 2009

Die matrieks in geheel het ons verras met wonderlike uitslae. Met 307 onderskeidings in totaal, is dit die meeste ooit wat 'n groep gelewer het. Nadia Badenhorst het 8 A's in die eksamen behaal, 4 leerders het 7 behaal en 7 leerders het 6 onderskeidings behaal. Voorwaar uitsonderlik. 66% Van die groep het toelating tot universiteit gekry. Van die 288 het 3 leerders gedruip wat die slaagsyfer op 99% te staan bring. Aan die personeel, matrieks en hulle ouers 'n woord van gelukwensing.

Jaarprogram 2010

Daar word baie op en aanmerkings oor die sokkerjaar gemaak. Dit is waar dat die Julie-vakansie langer is as normaal, maar die onderrigtyd is nie minder nie. Die kwartale is sodanig aangepas dat u kind nog steeds die volle kwota onderrig gaan ontvang soos elke vorige jaar.
Die jaarprogram is op die webblad gelaai en toeganklik vir almal. Die toetsdatums, vakansie, sportdae ens is alles daar beskikbaar. Dit is op die webadres www.kempies.co.za beskikbaar.
Daar is 'n paar ander sake wat ons ook weer wil onderstreep.

1. Die graad 8 en 9 leerders moet asseblief die Palmlaanhek in die middae gebruik om die verkeer in van Riebeeckweg te verminder.
2. Die skool sluit op Maandae tot Donderdae om 14:15 en Vrydae om 13:00.
3. Indien kinders vroeër die terrein moet verlaat, moet hulle 'n skriftelike versoek van u as ouer voor skool inhandig sodat 'n toestemmingsbrief om die terrein te verlaat, uitgereik kan word.
4. Die Kempie Klets is die tweeweeklikse kommunikasie met u as ouer. Ons kinders se geheue is nie so goed dat die skrywe altyd by u as ouer uitkom nie. Kyk na die kalender op die webadres en die Kempie Klets datums word ook daar aangedui.

Atletiek 2010

Ons sien uit na 'n baie uitdagende jaar, maar tog met baie pret en plesier. Vrydag is reeds die eerste groot tuisbyeenkoms en dit beloof reeds om goeie atletiek vroeg in die jaar te wees. Dankie aan almal wat reeds die vakansie hard gewerk het om gereed te wees vir die seisoen – mag julle drome waar word.

Groete tot 4 Februarie, wanneer ons weer met mekaar gesels in die volgende Kempie Klets.

Roelof Burger (Skoolhoof)

Atletiek

Die atlete van die Kempies het weer hope talent uitgestal tydens die huissport. Die volgende Kempies het weggestap met die trofeë vir die veelsydigste atlete.
Junior dogter - gedeel deur Chanelle Potgieter en Ascaan Sonnekus, Junior Seun - Tiaan Jacobs, Senior dogter - gedeel deur Sanmarie Malan en Anri Steyn, Senior seun - Ruanco Pelser

Die trofee vir die beste algehele prestasie op grond van die ASA-tabel is Beste seun: Tiaan Jacobs So/15 800m en Beste dogter: Monique Stander DO/15 800m

Atletiekprestasies

· Anri Steyn (WYC)& Michael v Aswegen(WYC) is genomineer as die Beste Junior atleet in Sentraal - Gauteng Atletiek waar die wenners aangewys sal word op 30 Januarie 2010

· Pieter Wilders & Anneke Gildenhuys word genooi vir die WÊRELD LANDLOOP proewe te Universiteit van Potchefstroom 30 Januarie 2010

· Twee van ons top atlete behaal die volgende prag prestasies in die Hartenbos Prestige straat myl: Tiaan Jacobs behaal 'n 3de plek in die mansafdeling en Suné Jonker wen die Junior Vrouewedloop. Nicole Strydom en Marne Jonker behaal Top 10 plekke gedurende die wedloop.

· Tiaan Jacobs behaal 'n 2de Plek gedurende die George straatwedloop en reken sodoende met 'n klomp nasionale atlete af.

Baie welkom aan alle Tennisspelers!!!

Kry jou tekkies, 'n raket en jou talent – dis nou tyd om veters vas te trek en spiere te strek, die Kempie Ope is op pad (Datum sal later deurgegee word) Die Kempie Ope sal jou die geleentheid gee om op die skool se ranglys te kom sodat ons spanne kan bepaal vir die seisoen.

Baie sterkte vir die voorbereiding.

Kishougroete

Afrigting van alle ouderdomme en standaarde deur Charlie en Desiré.

Word lid van Pine Grove Tennis Klub

Skakel ons nou by 082 926 6483

SUPER 12 Bepalings 2010

KEMPIES IS IN DIE B-AFDELING

Datum:	Opponente:	Eerstes:	O/15A:
Saterdag 23/01/2010:	Fields College	Weg	Tuis
Saterdag 30/01/2010:	Jeugland	Tuis	Weg
Saterdag 06/02/2010:	Merensky	Weg	Tuis
Saterdag 13/02/2010:	Garsfontein	Tuis	Weg
Saterdag 20/02/2010:	Rustenburg	Tuis	Weg
Saterdag 27/2/2010:	Super 12 Half Finaal		
Saterdag 06/03/2010:	Super 12 Finaal		

1e Span 20/20 Toernooi (2010):

KEMPIES IS IN DIE C-AFDELING

Datum:	Opponente:	Eerstes:
Woensdag 27/01/2010:	St Dunstans	Tuis
Woensdag 03/02/2010:	Kwa Thema	Tuis
Woensdag 10/02/2010:	Jeugland	Weg
Woensdag 17/02/2010:	20/20 Kwart Finaal	
Woensdag 24 /02/2010:	20/20 Half Finaal	
5 of 6 Maart 2010:	20/20 Finaal	
Saterdag 20/03/2010:	20/20 Finaal vs Mpumalanga	

Krieket

Gesinspitkos

Aan die hardloop?

Ons jaag want ander jaag.
Ons jaag want ons word beloon as ons jaag.
Ons jaag want in ons kultuur het spoed groter waarde as geduld.
Ons jaag want dit maak ons belangrik voel.
Ons jaag want ons wil saam met ander hardloop na iets toe of ons jaag want ons hardloop vanaf iets weg.

Die hartseer gevolg van die vinnige-baan lewe is die negatiewe geloofsisteme want ons aan ons kinders modelleer:

- Jy is wat jy doen, so word besig.
- Rus en ontspanning is nie so belangrik nie .
- Verhoudings bestaan vir wat jy daaruit kan kry.

Ons gejaagde lewens veroorsaak dat dit baie moeilik is om die vereistes van ons werk en ons gesinslewens te balanseer. Tyd is nodig met ons gesinne om hierdie negatiewe geloofsisteme dood te leef. Die volgende kan behulpsaam wees om meer tyd saam met jou gesin te skep:

- Ontwikkel en handhaaf 'n konstante roetine.
- Handhaaf jou gesin as top prioriteit saam met jou geld en tyd.
- Leer en modelleer gesinswaardes (eerlikheid, omgee, verantwoordelikheid ens).
- Skep en handhaaf unieke gesinstradisies om die gevoel van "behoort" te verhoog.
- Kommunikeer duidelike verwagtings aan elke gesinslid.
- Verwag lojaliteit en persoonlike verantwoordelikheid van elke gesinslid.

Verwerk uit: How fast families can move from chaos to closeness, Connecting with your kids, Timothy Smith.

MUSIEKAKADEMIE

Die musiekakademie van Hoërskool Kempton Park funksioneer reeds vir 'n paar jaar en 'n waardevolle bydrae op kultuurgebied word aan die gemeenskap in en om Kempton Park gelewer.

Die volgende instrumente word aangebied: klavier, viool, tjello, individuele sang, kitaar, klawerbord.

Daar word ook aan eksterne eksaminering en kunswedstryde deelgeneem.

Voorskoolse tot volwasse leerlinge word toegelaat.

Vir enige navrae skakel Me Senekal by 011 972-5061(h) 079 516 8908(s) of by die skool 011 970-2102.

KEMPIE AKADEMIESE NETWERK

Ons herinner u daaraan dat die registrasievorms vir KAN nou beskikbaar is by Me Gertie Stander.
Die koste daaraan verbonde, is **slegs R35-00** per jaar per leerling. Sodra leerlinge geregistreer is, het hulle toegang tot die volgende inligting :

a) Insae in vorige 3 jaar se toetse en eksamenvraestelle;
b) Eksamenwenke en ander wenke om leer meer gestruktureerd te laat plaasvind;
c) Huiswerk word weekliks, soms selfs 'n kwartaal voor die tyd, op KAN gelaai. Ekstra oefeninge word ook by hierdie afdeling gelaai.
d) My vrae: Hierdie is 'n afdeling waar die leerders vrae kan vra aan onderwysers per graad per vak.